**VOORSKRIFTE VIR DIE TOEKENNING VAN EREGRADE, ERESKILDE, KANSELIERSMEDALJES EN RAADSMEDALJES**

**Verskaf asseblief die kandidate vir Eregrade, Ereskilde, Kanseliersmedaljes en Raadsmedaljes se volledige adresse en telefoonnommers.**

**1. EREGRADE**

**EREGRADE TOEGEKEN DEUR DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT SAL DIE UNIVERSITEIT SE TWEELEDIGE VERBINTENIS TOT DIE AKADEMIESE PROJEK (UITNEMENDHEID IN WETENSKAPS-BEOEFENING OF VAKGELEERDHEID) EN DIE MENSGERIGTE PROJEK (UITNEMENDHEID IN DIENS VAN DIE MENSDOM) WEERSPIEËL.**

Die volgende het betrekking op die bogenoemde:

(a) Volgens die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997) en die Konstitusie van die Senaat (par.5) kan 'n eregraad toegeken word aan "…iemand wat hom/haar… onderskei het in die bevordering van …. enige tak van die wetenskap, of aan iemand wat die Universiteit, by besluit van die Raad op aanbeveling van die Senaat, waardig ag om so 'n graad te ontvang".

(b) Die voorstel om 'n eregraad toe te ken, moet deeglik en in aansienlike besonderhede gemotiveer word, en sodanige voorstel kan slegs deur 'n lid van die Raad of Senaat gemaak word. Die voorstel moet deur ten minste tien sekondante uit die Raad of Senaat ondersteun word. Hiervan moet minstens vyf lede van die Senaat wees. Die motivering vir die voorstel vir 'n eregraad moet in die volgende formaat voorgelê word:

**'n Bondige CV wat die volgende bevat:**

- Die belangrikste hoogtepunte uit die kandidaat se oeuvre, loopbaan en bedrywighede (bv. lidmaatskap van belangrike rade, ensovoorts).
- Die impak van sy/haar werk op die wetenskap en/of die samelewing.
- Pryse, eerbewyse en toekennings reeds

**DIRECTIVES FOR THE AWARDING OF HONORARY DEGREES, HONORARY SHIELDS, CHANCELLOR'S MEDALS AND COUNCIL MEDALS**

**Please provide the full addresses and Telephone numbers of the candidates for Honorary Degrees, Shields of honour, Chancellor's Medals and Council Medals.**

**1. HONORARY DEGREES**

**HONORARY DEGREES AWARDED BY THE UNIVERSITY OF THE FREE STATE WILL REFLECT TWIN COMMITMENTS OF THE UNIVERSITY TO THE ACADEMIC PROJECT (EXCELLENCE IN SCIENCE OR SCHOLARSHIP) AND THE HUMAN PROJECT (EXCELLENCE IN THE SERVICE OF HUMANITY).**

The following pertains to the above-mentioned:

(a) In terms of the Higher Education Act (Act 101 of 1997) and the Constitution of the Senate (par. 5), an honorary degree can be conferred on "…someone who has distinguished himself/herself in promoting … any branch of science, or on someone who the University, as resolved by the Council on recommendation of the Senate, considers worthy of such a degree".

(b) The proposal to confer an honorary degree must be thoroughly motivated in considerable detail, and such a proposal can only be made by a member of the Council or Senate. The proposal must be supported by at least ten seconders from the Council or Senate. Of these, at least five must be members of the Senate. The motivation for the proposal for an honorary degree must be submitted in the following format:

**A short CV containing the following:**

- Major highlights from the candidate's oeuvre, career and activities (e.g. membership of important councils/boards, etc.).
- The impact of his/her work on science and/or society.
- Prizes, honours and awards already

ontvang.

- Vakkundige uitsette (soos boek- of tydskrifpublikasies) en/of professionele of kreatiewe werk geskep: slegs titels of beskrywings van werk ter ondersteuning van die toekenning van die graad.

- Die breër internasionale reikwydte van sy/haar wetenskaplike en vakkundige prestasies, of sy/haar dienslewering en produktiewe werk.

- Ander besondere prestasies.

- ’n Konsepsitasie van tussen 800 en 1000 woorde wat aandui watter eregraad voorgestel word.

’n Eregraad kan aan twee soorte kandidate toegeken word:

(1) ’n uitmuntende akademikus wie se baanrekord betreffende navorsing en vakwetenskaplike prestasie die hoogste internasionale aansien en erkenning geniet,

OF

(2) ’n persoon, *maar nie noodwendig ’n akademikus nie*, wie se prestasies op die gebied van wetenskap, kuns, ekonomie, media, kultuur, leierskap of onderwys ’n verskil in die wêreld maak, en wie se invloed en werk moontlik voordelig was vir ontwikkeling in Suid-Afrika.

(c) Eregraadvoorstelle ontstaan dikwels binne ’n Fakulteit onder leierskap van die Dekaan. Sodanige voorstelle word nie binne formele komiteestrukture oorweeg nie. Hulle word via die Dekaan voorgelê.

(d) Voorstelle word ooreenkomstig die voorskrifte van die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997) en die Konstitusie van die Senaat (par. 5) deur ’n eregraadkomitee oorweeg, en laasgenoemde se aanbevelings dien dan daarna by die Senaat. In gevalle waar die Senaat die kandidaatskap van die ontvanger van ’n eregraad steun, dien die voorstel dan by die Raad vir beslissing.

received.

- Scholarly outputs (such as book or journal publications) and/or professional or creative work produced: only titles or descriptions of works that support the conferment of the degree.

- The broader international reach of his/her scientific work and scholarship, or his/her service and productive work.

- Other exceptional achievements.

- A draft citation of between 800 and 1000 words, indicating which honorary degree is proposed.

An honorary degree can be bestowed on two kinds of candidates :

(1) an outstanding academic whose track-record regarding research and scholarship enjoys the highest international esteem and recognition,

OR

(2) a person, *not necessarily an academic*, whose accomplishments in science, arts, economics, media, culture, leadership or education have made a difference in the world and whose influence and work may have been of benefit to development in South Africa.

(c) Honorary degree proposals often emanate from within a Faculty under the leadership of the Dean. Such proposals are not considered within formal committee structures. They are submitted via the Dean.

(d) Proposals are considered by an honorary degrees committee in terms of the provisions of the Higher Education Act (Act 101 of 1997) and the Constitution of the Senate (par. 5), and the committee’s recommendations are then submitted to the Senate. Where the Senate supports the candidature of an honorary degree recipient, the proposal then serves before the Council for determination.

## 2. ERESKILDE

Erkenning aan internasionale burgers wat diens aan die Universiteit gelewer het, word by wyse van ’n ereskild verleen.

Die volgende riglyne is in dié verband van toepassing:

(a) Die ereskild word slegs toegeken aan ’n persoon wat tydens die oorweging van die voorstel nog in lewe is.

(b) Dit word toegeken aan ’n persoon wat minstens vyf jaar betekenisvolle diens aan sy/haar gemeenskap gelewer het en noue kontak met die RSA en die UV behou het. Die toekenning geskied aanvullend tot en op ’n ander basis as in die geval van ’n eregraad.

(c) Die kandidaat moes gemoeid gewees het met beduidende akademiese geleentheidskepping vir ’n betekenisvolle aantal Suid-Afrikaanse en UV-vakwetenskaplikes.

(d) Die akademiese komponent van die kandidaat se bydrae of prestasie kan in aanmerking geneem word, maar sal nie die deurslag gee nie.

(e) Geen beperking word op die ouderdom van die ontvanger geplaas nie.

(f) Ereskilde sal oorhandig word by geleenthede soos deur die Rektor by die Senaat en Raad aanbeveel. (In die praktyk kan dit beteken dat die skild in die buiteland oorhandig kan word.)

(g) Elke geval sal op meriete deur die Eregraad-komitee oorweeg word.

(h) ’n Skriftelike voorstel om ’n ereskild toe te ken, kan deur ’n lid van die Raad, Senaat of ’n voltydse personeellid ingedien word. Die voorstel moet deur ten minste tien sekondante wat lede van die Raad of Senaat is, ondersteun word.

(i) Voorstelle moet vergesel word van

**’n bondige CV wat die volgende bevat:**

- Hoogtepunte uit die kandidaat se oeuvre, loopbaan en bedrywighede (bv. lidmaatskap van belangrike rade, ensovoorts).

## 2. SHIELDS OF HONOUR

Recognition by way of a shield of honour is given to international citizens who rendered service to the University.

The following guidelines apply in this regard:

(a) The shield of honour is only awarded to a person who is still alive at the time the proposal is being considered.

(b) It is awarded to a person who has rendered at least five years' significant service to his/her community and maintained close contact with the RSA and the UFS. The award is made supplementary to and on a different basis than in the case of an honorary degree.

(c) The candidate must have been involved in the significant creation of academic opportunities for a good number of South African and UFS subject specialists.

(d) The academic component of a candidate’s contribution or achievement can be taken into account, but will not be decisive.

(e) No limit is placed on the age of the recipient.

(f) Shields of honour will be presented on occasions as recommended to the Senate and Council by the Rector. (In practice this may imply that the shield can be presented abroad.)

(g) Every case will be considered by the Honorary Degrees Committee on merit.

(h) A written proposal that a shield of honour be awarded can be submitted by a member of the Council or Senate, or a full-time staff member. The proposal must be supported by at least ten seconders who are members of the Council or Senate.

(i) Proposals must be accompanied by

**a short CV containing the following:**

- Highlights from the candidate’s oeuvre, career and activities (e.g. membership of important councils/boards, etc.).

- Sy/haar invloed, die resultate van sy/haar handelinge, sy/haar bydrae tot ’n bepaalde vakgebied (weereens net hoogtepunte).

- Bekronings en toekennings ontvang.

- Ander besondere prestasies.

- Publikasies en/of professionele uitsette: slegs titels van werke wat steun aan die toekenning van die ereskild verleen, andersins slegs die getal.

- ’n Konsepsitasie van tussen 800 en 1000 woorde.

## 3. KANSELIERSMEDALJE

Die volgende riglyne is van toepassing op die toekenning van die Kanseliersmedalje:

(a) Die Kanseliersmedalje word aan ’n individu toegeken vir uitmuntende diens of prestasie op plaaslike, nasionale of internasionale vlak, of vir diens aan die gemeenskap of die Universiteit.

(b) Die akademiese komponent van die kandidaat se bydrae of prestasie kan in aanmerking geneem word, maar sal nie die deurslag gee nie.

(c) Normaalweg sal nie meer as een Kanseliersmedalje per jaar toegeken word nie.

(d) Geen beperking word op die ouderdom van die ontvanger geplaas nie.

(e) Elke geval sal uiteraard op eie meriete oorweeg word en enige riglyne moet op ’n buigsame wyse toegepas word.

(f) Die Eregraadkomitee sal telkens ’n aanbeveling aan die Senaat maak. Die Senaat se aanbeveling sal aan die Raad voorgelê word, wat ’n finale besluit sal neem.

(g) Huidige voltydse personeellede van die Universiteit kom nie in aanmerking vir die toekenning van die Kanseliersmedalje nie.

(h) ’n Skriftelike voorstel om ’n Kanseliersmedalje toe te ken, kan deur ’n lid van die Raad of Senaat, of ’n voltydse personeellid ingedien word. Die voorstel moet deur ten minste tien sekondante wat lede van die Raad of Senaat is,

- His/her influence, the results of his/her actions, his/her contribution to a specific discipline (once again, only highlights).

- Prizes and awards received.

- Other exceptional achievements.

- Publications and/or professional outputs: only titles of works that support the awarding of the shield of honour, otherwise only the number.

- A draft citation of between 800 and 1000 words.

## 3. CHANCELLOR’S MEDAL

The following guidelines apply to the awarding of the Chancellor’s Medal:

(a) The Chancellor’s Medal is awarded to an individual for outstanding service or achievement at local, national or international level, or for service to the community or the University.

(b) The academic component of a candidate’s contribution or achievement may be taken into account, but will not be decisive.

(c) Normally, no more than one Chancellor’s Medal will be awarded per year.

(d) No limit is placed on the age of the recipient.

(e) Every case will obviously be considered on its own merits and any guidelines must be applied in a flexible manner.

(f) The Honorary Degrees Committee will make a recommendation to the Senate in each case. The Senate’s recommendation will be submitted to Council, which will make a final decision.

(g) Current full-time staff members of the University are not considered for the awarding of the Chancellor’s Medal.

(h) A written proposal that a Chancellor’s medal be awarded can be submitted by a member of the Council or Senate, or a full-time staff member. The proposal must be supported by at least ten seconders who are members of the Council or

ondersteun word.

(i) Die oorhandiging sal normaalweg tydens 'n gradeplegtigheid geskied.

(j) Voorstelle moet vergesel word van

**'n bondige CV wat die volgende bevat:**

- o Hoogtepunte uit die kandidaat se oeuvre, loopbaan en bedrywighede (bv. lidmaatskap van belangrike rade, ensovoorts).
- o Sy/haar invloed, die resultate van sy/haar handelinge, sy/haar bydrae tot 'n bepaalde vakgebied (weereens net hoogtepunte).
- o Bekronings en toekennings ontvang.
- o Ander besondere prestasies.
- o Publikasies en/of professionele uitsette: slegs titels van werke wat steun aan die toekenning van die Kanseliersmedalje verleen, andersins slegs die getal.
- o 'n Konsepsitasie van tussen 800 en 1000 woorde.

**4. RAADSMEDALJE**

Die volgende riglyne is van toepassing:

(a) Die Raadsmedalje word toegeken aan UV-personeellede vir betekenisvolle diens of prestasie by of vir die Universiteit, hetsy op plaaslike, nasionale of internasionale vlak. Hierdie toekenning word gemaak ongeag enige ander prestasietoekenning binne universiteitsverband.

**RIGLYNE VIR DIE TOEKENNING**

(a) Die universitêre komponent van 'n kandidaat se bydrae of prestasie sal as belangrik, maar nie as allesoorheersend nie, beskou word.

(b) Normaalweg sal nie meer as een Raadsmedalje per jaar toegeken word nie.

(c) Geen beperking word op die ouderdom van die ontvanger geplaas nie.

(d) Elke geval sal uiteraard op eie meriete oorweeg word en enige riglyne moet op 'n buigsame wyse toegepas word.

Senate.

(i) The presentation will normally take place during a graduation ceremony.

(j) Proposals must be accompanied by

**a short CV containing the following:**

- o Highlights from the candidate's oeuvre, career and activities (e.g. membership of important councils/boards, etc.).
- o His/her influence, the results of his/her actions, his/her contribution to a specific discipline (once again, only highlights).
- o Prizes and awards received.
- o Other exceptional achievements.
- o Publications and/or professional outputs: only titles of works that support the awarding of the Chancellor's Medal, otherwise only the number.
- o A draft citation of between 800 and 1000 words.

**4. COUNCIL MEDAL**

The following guidelines apply:

(a) The Council Medal is awarded to UFS staff members for significant service or achievement at or for the University, whether at local, national or international level. This award is presented regardless of any other performance award in university context.

**GUIDELINES FOR THE AWARD**

(a) The university component of a candidate's contribution or achievement will be regarded as important, but not exclusively so.

(b) Normally, no more than one Council Medal will be awarded per year.

(c) No limit is placed on the age of the recipient.

(d) Every case will obviously be considered on its own merits and any guidelines must be applied in a flexible manner.

(e) Die Eregraadkomitee sal telkens ’n aanbeveling aan die Senaat maak. Die Senaat se aanbeveling sal aan die Raad voorgelê word, wat ’n finale besluit sal neem.

(f) Slegs personeellede van die Universiteit kom in aanmerking vir die moontlike toekenning van die Raadsmedalje.

(g) ’n Skriftelike voorstel om ’n Raadsmedalje toe te ken, kan deur ’n lid van die Raad of Senaat, of ’n voltydse personeellid ingedien word. Die voorstel moet deur ten minste tien sekondante wat lede van die Raad of Senaat is, ondersteun word.

(h) Die oorhandiging van die Raadsmedalje sal tydens ’n gradeplegtigheid of openingsplegtigheid geskied.

(i) Voorstelle moet vergesel word van

**’n bondige CV wat die volgende bevat:**

- o Hoogtepunte uit die kandidaat se oeuvre, loopbaan en bedrywighede (bv. lidmaatskap van belangrike rade, ensovoorts).
- o Sy/haar invloed, die resultate van sy/haar handelinge, sy/haar bydrae tot ’n bepaalde vakgebied (weereens net hoogtepunte).
- o Bekronings en toekennings ontvang.
- o Ander besondere prestasies.
- o Publikasies en/of professionele uitsette: slegs titels van werke wat steun aan die toekenning van die Raadsmedalje verleen, andersins slegs die getal.
- o ’n Konsepsitasie van tussen 800 en 1000 woorde.

(e) The Honorary Degrees Committee will make a recommendation to the Senate in each case. The Senate’s recommendation will be submitted to Council, which will make a final decision.

(f) Only staff members of the University qualify for the possible awarding of the Council Medal.

(g) A written proposal that a Council Medal be awarded can be submitted by a member of the Council or Senate, or a full-time staff member. The proposal must be supported by at least ten seconders who are members of the Council or Senate.

(h) The presentation of the Council Medal will take place during a graduation or opening ceremony.

(i) Proposals must be accompanied by

**a short CV containing the following:**

- o Highlights from the candidate’s oeuvre, career and activities (e.g. membership of important councils/boards, etc.).
- o His/her influence, the results of his/her actions, his/her contribution to a specific discipline (once again, only highlights).
- o Prizes and awards received.
- o Other exceptional achievements.
- o Publications and/or professional outputs: only titles of works that support the awarding of the Council Medal, otherwise only the number.
- o A draft citation of between 800 and 1000 words.